

**22 April**

**Skrifgedeelte: Esegïel 6-7  
Fokusgedeelte: Esegïel 6:10**

**Almal moet God se mag erken**

'n Uitdrukking wat dikwels in die boek van Esegïel voorkom is dat mense sal beseft dat God die Here is. Dit loop soos 'n refrein deur die boek dat God sekere dinge sal doen en dat mense op grond daarvan sy almag sal erken. Die volk het baie erg teen God gesondig. Daar sou 'n tyd aanbreek wanneer sy oordeel oor die volk in vervulling sou gaan. Al praat Esegïel oor dinge wat in Jerusalem sou gebeur, wil hy daardeur 'n boodskap vir die mense in ballingskap gee. Jerusalem gaan verwoes word. Baie van die inwoners sou sterf tydens die beleëring van die stad deur Nebukadnesar. Wanneer daardie dinge gebeur, sou die volk God se almag beseft. Hy het nie maar net gepraat nie – die dinge gaan gebeur. Sommige van die inwoners sou wel die val van Jerusalem beleef, maar dit sou nie die einde van hulle ellende wees nie. Hulle sou in ballingskap vertrek, iets wat eintlik die einde van die volk moes beteken. Wanneer al die dinge gebeur, sou die volk werklik beseft dat God 'n almagtige God is wat regverdig oordeel. Hulle sou dan tot inkeer kom en weer hulle hulp by God soek. God se almag blyk duidelik uit sy daad, en veral deur dit wat Hy vir ons in Jesus Christus gedoen het. Ons moet altyd leef met die beseft dat ons Hemelse Vader die almagtige God is. Juis wanneer ons sy almag erken, kan ons ons hele lewe met vrede en sekerheid in sy hande laat.

Sing: Psalm 68:15

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)